# NEO-SPEKTRUM SIRKELFLITS 3:2021



Edward Smuts

**Ons is tans midde-in 'n nuwe vlaag van Covid en al die verskillende variante. Dit is net verstommend hoeveel bekendes rondom ons nou mediese sorg nodig het.**

Ek haal aan uit Terblanche se Woensdag-broodjie, 23 Junie 2021: *Vandag is net 'n kort briefie om te sê dat ek in die bed is met **Covid**. Ek vat dit een dag op 'n slag en gelukkig is ek in die goeie hande van geneeshere en my seun wat baie mooi na my kyk.*

*Dankie vir almal se boodskappe, gebede, en opreg omgee. Julle sal verstaan dat dit nie moontlik is om alle oproepe en boodskappe te antwoord nie, maar glo my dat ek elkeen lees met groot waardering.*

Covid raak natuurlik ook hoe Neo-Spektrum (NS) funksioneer. Tans is dit nie moontlik om met die Kolping-Gespreksgroepe (ACIM) voort te gaan nie, want Kolping is nog nie in die aand oop nie. Die Sondagdienste gaan steeds voort.

By De Rust waar die Boekgroep bymekaar kom, word byeenkomste tans nie toegelaat nie. Gelukkig is die Boekgroep se volgende vergadering eers op 2 Augustus 2021 en sal hopelik dan wel kan plaasvind.

**DANKIE vir almal se ondersteuning deur afstandskollektes en -bydraes. Dit help dat NS al die projekte en verantwoordelikhede kan nakom. UK se dankbaarheid is groot.**

## NS se projekte en verantwoordelikhede strek wyd:

- Hulp aan Attie van Wyk PS (sien bl. 3)
- Salarisse van 'n leerkrag en klashulp by Attie van Wyk PS
- Drie beurshouers is leerders by Fisantekraal HS
- Ondersteuning aan Huis Jabes vir mishandelde vroue en kinders
- Ondersteuning van vereensaamde bejaardes
- Ondersteuning van indiwidue (sien bl. 2)
- Ondersteuning aan MES (sien bladsye 2-3).
- NS betaal maandeliks geld vir MES se GROW-program (sien bl. 3)
- Met die Winterhoop poog NS jaarliks om warm wintersklere te verskaf.
- Rondom Vrouedag reik NS uit na ongeveer 40 werklose vroue - hulle word deur MES geïdentifiseer. Daar is in die verlede altyd 'n feesmaal aangebied, maar met die pandemie volg NS sedert verlede jaar 'n ander pad. Hulle ontvang elkeen 'n kospakkie met 8 verskillende eetgoedjies, lekkernye en 'n sappie. Daarby ontvang hulle ook 'n bederfsakkie wat onder andere 'n R100-geskenkbewys by PEP insluit.

- Neo-Spektrum kan tans nie voortgaan om sakke uit te deel en dit met voorrade vol te maak nie. Inperking het ook daarop 'n beperking geplaas.
- Daarom sal NS baie dankbaar wees vir bydraes om die UK te help om die beloftes aan MES na te kom. Ons versoek bydraes, indien julle kan, soos volg:
  - ⇒ Geldelike bydraes in NS se ABSA-rekening 4083481065 met verwysing ***Winterhoop***
  - ⇒ **Warm klere en onderklere** vir veral mans; skakel Johan Muller (0823413488) of Edward Smuts (0827881824) of bring dit Sondae na die kapel.

# MES - 35 JAAR VAN NAASTEDIENS

Hierdie is ‘n uittreksel uit Raymond Willemse se verslag oor sy onderhoud met Leona Pienaar oor MES. Dit het in NETWERK 24, gedateer 20 Mei 2021, verskyn en kan volledig daar gelees word.

**https://www.netwerk24.com/Ontspan/Leef/mes-35-jaar-van-naastediens-20210519**

In 1986 het Mould Empower Serve (MES), 'n Christelike maatskaplike ontwikkelingsorganisasie, met 'n uitreikprogram begin waarin kospakkies aan haweloses en die werklose gemeenskap van Hillbrow in Johannesburg uitgedeel is.

Oor die jare het die organisasie na ander stede in die land uitgebrei. So het hy hoop gebring en die onmiddellike en korttermynbehoeftes van haweloses en werklose gemeenskappe in Johannesburg, Kaapstad, Port Elizabeth en Kempton Park het aandag begin kry.

Vandag bou MES steeds op hierdie beginsels, sê Leona Pienaar, uitvoerende hoof van MES. Sy en haar span werk in die stadium aan die feesvieringe vir hul 35ste bestaansjaar.

Wat bygedra het tot die suksesvolle uitbreiding van die program na ander stede, was om nie 'n een-grootte-pas-almal-benadering te volg nie, sê Pienaar.

MES volg ‘n georganiserde proses:

- ‘n Maatskaplike werker kyk na die persoonlike omstandighede van elkeen wat na MES kom
- Elke begunstigde word op 'n unieke geval-tot¬geval-grondslag deurlopend geassesseer en die situasie opgevolg.
- MES help mense ook om weer op hul voete te kom met hul arbeidgereedheidsprograrn.
- MES kyk na individuele ontwikkelingsplanne vir elke persoon.
- MES berei rnense voor vir elke volgende stap om seker te maak hulle is reg daarvoor.

Maatskaplike probleme het egter oor die jare toegeneem en die misbruik van dwelrns, veral nyaope, is groot. Daar is ook nie genoeg hulp vir haweloses met geestesversteurings nie. Inperking het ook getoon hoe groot die mensenood is.

Dis verblydend om te sien hoe kinders deur die programme gekom en hoogtes bereik het en Pienaar is ongelooflik dankbaar vir die lesse wat in die tyd geleer is en die onwrikbare ondersteuning van skenkers en vennote, sowel as die toewyding van hul personeel en die vertroue van die begunstigdes.

## ONDERSTEUNING AAN INDIWIDUE

Edward Smuts

Neo-Spektrum het gedurende die tweede kwartaal versoeke vir ondersteuning aan indiwidue ontvang.

Die UK het eenmalig aan albei R 2500.00 geskenk. Beide het ‘n woord van dank gestuur

- **Bitter baie dankies. Elke bietjie help. Waardeer dit ongelooflik baie.**
- **Thank you for all the effort and helping me out in my time of need. I am speechless and words can’t even describe how gratefull I am to your church mates. They have really shown me what it is to be a true Christian and that they live accordingly.**

## MES EN HUL GROW–SPANNE

Neo-Spektrum gee maandeliks R 2500.00 vir MES se GROW-inisiatief wat hawelose mense bemagtig. Hulle word dikwels in Durbanville gesien met oranje of groen baadjies met MES se kenteken. Ek haal aan uit 'n Facebook-plasing oor MES:





*Friends of Durbanville and Race Course Neighbourhood Watch helped Valmary Park Neighbourhood Watch to contract MES and their Grow Teams to clean the dilapidated building in Windel Road.*

*It took two days but an estimated year of built up rubbish was moved, bagged and driven away by MES. Please consider making use of their services in your areas. At R650 per 4 hour shift with 5 members it is extremely affordable. And more importantly, it provides an opportunity to ex-street people to get on their feet and OFF the streets.*

### TERUGVOERING OOR ATTIE VAN WYK PS Edward Smuts

- Tydens een van my besoeke aan Attie van Wyk PS het Me Louretta Loggenberg, skoolhoof, haar kommer uitgespreek oor die kombuis waaruit die voedingskema bedryf word. Op daardie stadium het hulle die gasbottel in die kombuis gestoor; die rede natuurlik voorkoming van misdaad. Om veiligheidsredes moet dit egter buite in 'n metaalhok gestoor word. Neo-Spektrum het haar toe versoek om die kwotasies aan te stuur. Die koste daarvan is daarna ten volle deur NS aan AvW PS oorbetaal. Daar was grroot dank vir deur Loretta uitgespreek.




- Louretta het natuurlik weereens haar dankbaarheid uitgespreek dat Neo-Spektrum 'n leerkrag en 'n klashulp se salarisse betaal. Sy het ook haar vrees uitgespreek oor die dag as ons dalk nie meer die salarisse kan betaal nie. Ek het hulle by vorige geleenthede reeds ontmoet, maar ek het ook tydens my besoek met hulle gepraat; ook hulle het hul dank uitgespreek teenoor NS vir hul salarisse.

# GREG EN GIZELLE UREN

My pad het in 2015 met hulle s'n gekruis. Pa Greg Uren en dogter Gizelle het op daardie tydstip in Parow in die stoorkamer van 'n verlate motorhawe gewoon. Sonder krag en lopende water. Uiters haglike omstandighede en onveilig, veral vir n bejaarde man van 68 en sy negejarige dogter.

'n Paar toutjies is getrek en ek kon vir hulle 'n kamer en badkamer in Brackenfell kry en Gizelle is by Laerskool Brackenfell ingeskryf. Met die hulp van NS kon hul huur vir ses maande betaal word en ons het hul van kos en toiletware voorsien. Ongelukkig het die huiseienaars se kinders hul werk verloor en teruggetrek huis toe. Greg-hulle moes weer trek.

Hulle is Kraaifontein toe en ek het met die skoolhoof by Laerskool Fanie Theron gaan praat. Hulle omstandighede en behoeftes is bespreek. Die soektog vir huisvestig het weereens begin. Dis toe dat ons besluit het om voortaan die huur te betaal. Blyplek is duur en hul kan net 'n kamer deel, wat op die stadium nie ideaal was nie. Gizelle was 15 en het haar eie ruimte nodig gehad.

Swaarkry was nog altyd deel van hul lewens en daarom was hulle ook nie aan luukshede en uitstappies blootgestel nie. Vir hulle is alles nuut, mooi en lekker. Ek laat sak my kop in skaamte omdat alles rondom ons as vanselfsprekend aanvaar word.

Verdere bystand het die volgende ingesluit:

- Daar word weekliks vars vrugte en groente en so 2 keer gekookte maaltye by hul huis afgelewer.
- Ek koop vir Gizelle klere en bederfies.
- Ons neem hulle op uitstappies na restaurante, kwekery en gaan ry op 'n Sondag met hul rond. Die afgelope jaar het dit egter min gebeur. My seun het hul 'n dag lank bederf met 'n uitstappie vanaf die Strand tot Bettiesbaai, waar hul verstom gestaan het om so naby aan die natuur en berge te wees, die see te ruik, so naby die pikkewyne en dassies te wees; om in 'n boekwinkel te staan en 'n boek te kies om saam te neem huis toe.
- Hulle het al 'n Kersfees of twee saam met ons deurgebring. Twee jaar gelede het André vir Gizelle n skootrekenaar as Kersgeskenk gegee omdat sy die volgende jaar hoërskool toe sou gaan. Min het ons geweet dat sy vanaf Maart 2020 die rekenaar sou moes gebruik om "skool te gaan". Covid het veroorsaak dat die onderwysers by haar skool die weeklikse werk en opdragte moes aanstuur sodat leerders dit tuis kon doen. Sy is nou in graad 9 en sy werk hard om sukses te behaal.

Wat 'n voorreg om deel te wees van die twee kosbare mense se lewens, wat ten spyte van al die swaarkry, nooit kla of ongelukkig is nie, en saans met n dankbare hart gaan slaap.

**Die bostaande berig is op my versoek deur Lourita Bester geskryf. Dit wat sy en André vir die Urens doen, is 'n daad van deernisvolle liefde wat die lewens van hierdie twee mense ingrypend verander het. Dit is net daardie één ontmoeting, die kruis van jou pad met iemand wie se uiterste nood jy raaksien, wat die groot verskil meebring. Die ellende is elke dag om ons; geleenthede om helderheid in iemand se donker lewe te bring. Edward Smuts**

**"God can only be experienced through friendship, not ideas… God is an event of relationship, and we are created in such an image, then we also are an event of relationship." Father Richard Rohr**

# NEO-SPEKTRUM GEDURENDE 2021

**WYSHEIDSIRKEL VAN NEO-SPEKTRUM**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**

## UK—VERGADERINGS

- **22 September**
- **3 November**

## JAARVERGADERINGS


- **21 November: Algemene JV**

## AANBIEDINGE

- **Junie: MES Winterhoop**
- **6 Augustus: MES Vrouedag**
- **10 Oktober: NS bestaan 10 jaar**
- **November: Huis Jabes - Somerhoop**
- **13 November: Somerfees & Wynveiling**

## BOEKGROEP (ed56chris@gmail.com)

- Vergader om 19:00 op 1ste Maandagaand van die maand by De Rust 9, Queenstraat 2, Durbanville
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopingspunt vir verdere besprekings.
- Op 2 Augustus 2021 gaan Edward Smuts die gesprek lei oor dr Ben du Toit se boek *GOD Is daar 'n ander antwoord?*
- Sy eerste boek, God? Geloof in 'n postmoderne tyd, is in 2001 met die Andrew Murray-prys vir Christelike publikasies bekroon. Dit het 'n woordeskat gebied vir mense se teologiese ongemak en kritiese vrae. Amper twee dekades later neem hy die vraag oor God en die relevansie van godsdiens en geloof verder, Net soos Du Toit se eerste boek baie mense minder alleen laat voel het, kan hierdie boek 'n wonderlike verrassende volgende fase van hul lewens inlui, soos tans met die skrywer die geval is. Dit is sy derde boek in 'n trilogie.




- Hy gebruik Uys Krige se gedig "Plaashek" simbolies in sy afsluiting van die boek en 'n oopstaande hek is die beeld op die voorblad.

> Die stilte in my is volkome met
> niks troebels, niks verward.
> Ek lig die knip … ek maak
> 'n hek oop in my hart.

Edward Smuts

Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com